

**Donderdag 20 Januarie**

**Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 22:18-19**

**Moenie by die Woord byvoeg of wegneem nie**

Die mens is 'n nuuskierige wese. Ons wil gedurig meer weet. En ons hou daarvan om aan iets te toring. In vandag se tyd is dit amper vreemd om iets te los net soos dit is. Ons wêreld en ons goed verander die heelyd.

Soms wil ons dit met die Bybel ook doen. Ons wil meer weet. En partykeer is die versoeking groot om daaraan te wil verander. Dit gebeur veral as daar dinge in die Bybel staan wat vir ons moeilik is om te verstaan, of as dit nie inval by ons vooropgestelde idees nie. Ons wil byvoeg. Of wegneem. Deur die loop van die kerkgeskiedenis was daar 'n hele paar kere wat mense dit wou doen.

Maar die Here leer ons in ons teksgedeelte: Ons mag niks byvoeg of wegneem nie. Daar is ook 'n dreigement by: As jy wil byvoeg, sal die Here vir jou die plaë waarvan die Bybel vertel, byvoeg. As jy wil wegneem, sal die Here jou deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad in die hiernamaals wegneem.

Die Here se Woord is volledig genoeg – presies soos Hy dit wil hê. Daarin is sy wil volkome geopenbaar. Alles wat ons nodig het om te weet van verlossing in Jesus Christus, is daarin opgeteken. Alles wat ons nodig het om te weet van hoe ons reaksie op die evangelie moet wees, ook.

Moenie byvoeg nie. Moenie wegneem nie. Lees die Woord soos dit is, glo dit, leef dit!

*Sing: Psalm 119-1:39*

*Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)*